

Beste Parke-vriende

LANDWYE BIDDAG VIR VREDE EN REËN

Parke-gemeente gaan Woensdag, 8 November saam met baie ander gemeentes 'n biddag vir vrede en reën hou. Dit is nodig dat ons ons verootmoedig voor die Here en die geweld, misdaad en droogte wat ons land op sy knieë dwing aan Hom opdra.

Die kerk gaan vanaf 05:30 tot 19:00 oop wees sodat enige iemand enige tyd kan instap om te kom bid. Bring asseblief vriende of familie saam kerk toe om vir solank as wat jy wil, net in stilte te verkeer met die Here.

Om 10:00 gaan daar 'n formele biduur wees wat deur ds. Steyn McCarthy gelei sal word. Verder sal die kerk die hele dag oop en veilig wees. Daar sal altyd iemand teenwoordig wees. Mense kan alleen of in groepies kom bid. Ons het baie op ons gemoed om voor te bid, maar kom ons gebruik ook die geleentheid om vir mekaar en ons families te bid. Daar sal ook riglyne beskikbaar wees wat sake vir gebed aandui. Kom ons gebruik die geleentheid om in groot getalle by die Here te pleit vir 'n kentering.

EK, MY GELD EN GOD

In November vier ons in Parke-gemeente met dankbaarheid al ons seëninge. Ons is diep dankbaar omdat ons weet ons word deur God gedra, geseën en versorg.

Terwyl dit mode geraak het om te kla en vir mekaar slegte en neerdrukkende stories te vertel, moet ek en jy as kinders van die Here die positiewe belig en mense se aandag vestig op die genade en sorg van die Here wat ons elke dag so mildelik ontvang. Wanneer laas het jy gaan sit en jou seëninge getel? Gaan sit 'n slag en maak 'n lysie van jou seëninge. Ek het dit onlangs gedoen en was verstom. Ek het net weer besef hoe ontsettend baie bevoorregd en geseënd ons is.

Hierdie knellende droogte het my laat nadink oor hoe smartlik die lewe sal wees sonder al die voorregte en geriewe wat ek as so vanselfsprekend aanvaar. En toe het ek probeer tel hoeveel keer die Here my en my gesin al gesond gemaak het. Hoeveel keer hy my al op die paaie veilig laat reis het. Dat nie een van ons al ooit honger gaan slaap het nie. En ek het my gedagtes laat gaan na die duisende gebede wat ek al gebid het en hoe die Here dit verhoor het. Ek het verder besef dat die Here my daaglik beskerm en beveilig sonder dat ek daarvan bewus is. En dan het ek nog nie eers genoem van die oorfloed geestelike seëninge wat ons ontvang nie. Dat God al ons sonde vergewe het. Dat Hy daaglik met ons wandel en in ons woon. Dat ons die hele tyd onder sy oë en in sy sorg is. Dis om van skaam te word! Maar ook: Dis om van oor te loop van dankbaarheid.

Tiende offer-koeverte is tans in omloop. Jy kan een kry by jou huis, in die kerkbanke, of by die kerkkantoor. Vul jou tiende offer-koevert met dankbaarheid sodat Parke-gemeente vir God, vir jou en die gemeenskap tot groot seën kan wees. Dit mag net wees dat jy dalk verkies om jou tiende offer via internet te betaal. Hier is die gemeente se bankbesonderhede:

<u>Rekeninghouer:</u>	NG Kerk Kraaifontein-Die Parke
<u>Bank:</u>	Nedbank
<u>Tipe rekening:</u>	Tjek
<u>Takkode:</u>	123209 (Southern Peninsula)
<u>Rekeningnommer:</u>	1147123691
<u>Verwysing:</u>	TO en jou naam

Twee stellings wat ek onlangs gehoor het, het my diep laat dink:

- "Jou bank- en kredietkaartstate is van jou eerlikste getuigskrifte. Hulle vertel wie en wat jy aanbid".
- "Die manier waarop jy met jou geld omgaan, wys wat jy van God dink".

ONTHOU, JY IS GEDOOP

Ds. Freek Serfontein skryf hierdie kosbare getuienis oor wat sy doop vir hom beteken. Ek het gedink dit kan vir ons elkeen iets beteken. Hier is dit:

Die doop het vir my met die jare al hoe belangriker begin word. Elke keer wanneer ek die voorreg gehad het om klein kindertjies te doop, het ek aan my eie doop gedink. Ook wanneer ek in 'n diens was waar kleintjies gedoop is, het my gedagtes by my eie doop 'n draai gemaak.

Dit is iets wat ek nou nog op my rype ouderdom nie begryp nie. Ek staan elke keer as't ware weer van vooraf in verwondering dat die grote God in sy genade sy hand na my toe uitgesteek het. Ek was tog niks meer besonders as enigiemand anders in die wêreld nie (al het my pa en ma dalk so gedink!). Ek het ook niks meer as enigiemand anders gehad wat ek kon voorhou of aanbied waarom die Here my moes raaksien en na Hom toe roep nie.

Die sonde het my ook maar 'n streep getrek en van my 'n selfsugtige mens gemaak wat daarop ingestel is om net op my eie behoeftes te fokus. Ek was "ingebuig op myself" sou Maarten Luther so mooi verduidelik. Tog kom maak die Here my daardie dag van my doop die aanbod dat Hy vir my 'n God wil wees. Dat Hy deel van my lewe wil wees en elke dag vir my wil sorg. Kom sê Hy ook dat Hy wil hê ek vir Hom 'n kind moet wees.

Natuurlik het ek dit nie gehoor nie. Ek was nog te klein. Ek kon dit ook nie verstaan nie. Self ook nie glo nie. Maar die Here is getrou – netsoos die Bybel Hom aan ons voorhou. Soos ek groter geword het, het my ouers my van die Here vertel. En van die doop. Hulle het my kerk toe gevat en vir my die Bybelstories by die huis vertel. Later het die Sondagskool en die Kinderkrans ook bygekome. En al die tyd is die Heilige Gees ook in die rondte.

En hy maak my gereed om te hoor en te glo. Toe ek weer my oë uitvee, toe begin ekself met die Here praat. Ek ondervind dat Hy my help om na sy stem te luister en Hom te gehoorsaam.

Kan 'n mens vir 'n groter wonder vra? Ek glo nie.

Vroeër vanjaar is ek na die gemeente waar ek in 1946 gedoop is – die moedergemeente in George. Ek het in die kerk se voorste bank gaan sit en gesien waar my pa en ma destyds met my voor die preekstoel gestaan het. Dit was emosionele oomblikke en ek het na 'n tyd met die Here begin praat. Ek het vir Hom dankie gesê vir sy genade. Die dag waarop ek gedoop is, het my hele lewe verander en in 'n ander rigting gestuur. Ek het vir Hom gesê dat ek my die lewe sonder Hom nie kan voorstel nie. Nooit sou ek dit anders wou hê nie!

Mag die seën van die Here met jou wees.

Charl Stander